**28 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 23:14-19**
**FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 23:19**

## Die Here uniek aanbid (2)

Die verbondsboek, Eksodus 20:22-23:33, volg direk ná God se aankondiging van sy Tien Gebooie. Gister se dagstukkie kom uit die inleiding (Eks. 20:22-26), en vandag s'n uit die sterk anti-Kanaänitiese slot (Eks. 23:13-33). In Kanaän sou Israel binnekort oorskakel van rondtrekkers (nomades) na landbouers en dus kennis maak met die Kanaänitiese heidense praktyke. 'n Tipiese voorbeeld hiervan was die ritueel aan die einde van die oes: 'n boklam is in sy moeder se melk gekook en dié melk is dan oor hul bome, beddings, veld en wingerde gesprinkel om 'n goeie oes vir die volgende jaar te verseker. Dáárom gee die Here dié vreemde verbod in vers 19: "Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie."

Daarteenoor stel die Here die volgende drie feeste per jaar in sodat sy volk Hom op 'n unieke wyse kan aanbid (vergelyk Lev. 23):

- die fees van die ongesuurde brood (Pasga) – Hý het sy volk uit slawerny verlos;
- die fees van die oes (Pinkster) – dit is Hy alleen wat hulle kos in Kanaän gee; en
- die fees van die insameling (Loofhuttefees) – dit is Hy wat vir hulle huise gee.

Met sy feeste vir vandag vier ons op 'n ewe unieke wyse ons lewende Verbondsgod se sorg vir ons:

- Nagmaal (in plaas van die Pasga) – Hy het sy Seun Jesus geoffer om ons van sondeslawerny te verlos;
- Pinkster (in plaas van die oesfees) – Hy het sy Heilige Gees gestuur om ons vir Hom te oes, vir ewig.

Ons hoef nie allerlei lawwe bygelofies te beoefen om die ware God gunstig te stem nie!

*Sing: Psalm 23:1-3 (1936-beryming)* *Ds Johan Botha (Laeveld)*